

B U R O V I R S T A A T S V E I L I G H E I D

SEKERHEIDS- EN HANTERINGSVOORSKRIFTE

1. Hierdie dokument -

- a. is onderhevig aan die bepalings van die Wet op Amptelike Geheime, 1956 (Wet Nr. 16 van 1956) soos gewysig, en van Artikel 29 van die Algemene Regswysigingswet, 1969 (Wet Nr. 101 van 1969);
 - b. kan deur middel van verbranding of versnippering vernietig word sodra dit nie meer benodig word nie. Die Sekretaris van Veiligheidsinligting verlang dan vir rekorddoeleindes 'n vernietigings-sertifikaat.
2. Die verspreiding van inligting vervat in hierdie inligtingsoorsig is beperk tot amptelike instansies van die Republiek van Suid-Afrika. Vir enige afwyking hiervan moet sekerheidshalwe die Sekretaris van Veiligheidsinligting se goedkeuring vooraf verkry word.

- ■ ■ ■ -

1. INLEIDING

Hierdie stuk handel oor stakings deur Bantoeswerkers, met ander woorde, onwettige stakings.

Stakings deur Bantoeswerkers is geen nuwe verskynsel nie en kom gedurig, tot 'n mindere of 'n meerdere mate, in die RSA voor. Net na afloop van die Eerste Wêreldoorlog, byvoorbeeld, het Bantoe Municipale werkers onder leiding van Henry Selby MSIMANG in Bloemfontein om hoër lone gestaak. Gedurende 1946 het die mynstakings aan die Rand plaasgevind, aangestig deur die "AFRICAN MINE WORKERS UNION" onder die Presidentskap van die Kommunis, J.J. MARKS. (Let wel - na afloop van hierdie staking is onder andere Kommuniste soos J.J. MARKS, Moses KOTANE, Bram FISCHER en Dr. DADOO gevonnis weens hul aandeel in die staking. Verskeie geestelikes het gehelp met die "PEOPLES DEFENCE FUND" ten bate van die "African Mine Workers Union"). Vir "MEIDAG" 1950 (1 Mei 1950) is landswye stakings gereël en georganiseer. Landswye stakings is ook gereël vir 31 Mei 1961 (Republiekdag). Vir die datum 26 Junie ("Freedom Day") is verskeie kere al "nasionale stakings" gereël. Hierdie landswye stakings het nog altyd weinig sukses gehad.

Gedurende 1969 het dokstakings te Durban plaasgevind waar stuwdore op hoër lone aangedring het. Aan die einde van 1971 het kontrakarbeiders in Suidwes-Afrika gestaak om hoër lone en uit protest teen die kontrakarbeidstelsel. Aan die einde van 1972 was daar weer sprake van stakings in Suidwes-Afrika, alhoewel hiervan weinig tereg gekom het. Gedurende Oktober 1972 staak stuwdore weer te Durban en Kaapstad en gedurende Junie 1972 staak die Bantoe busbestuurders van die "Public Utility Transport Corporation", 'n diens wat hoofsaaklik Bantepassasiers vervoer, te Johannesburg.

Gedurende Januarie 1973 vind stakings te Durban plaas wat spoedig van een fabriek na die ander versprei totdat municipale werkers ook begin staak en sekere noodsaaklike dienste lamgelê word.

DECLASSIFIED

- 2 -

Die stakings te Durban word gevvolg deur verskeie kleiner stakings in ander dele van Natal, Transvaal en Oos-Kaap. Afgesien van hier die stakings wat wel plaasgevind het, is daar ook dreigende stakings op verskeie plekke in die RSA.

As redes vir die stakings word hoofsaaklik die volgende aangevoer:

- (a) Lae lone;
- (b) klagtes oor werkstoestande;
- (c) klagtes teen werkgewers en beamptes;
- (d) persoonlike en huishoudelike griewe.

In die volgende hoofstuk word die algemene redes vir die stakings meer breedvoerig behandel.

2. ALGEMENE REDES VIR DIE STAKINGS

(a) Lone: Op enkele uitsonderings na, word lae lone altyd aangevoer as rede vir die stakings. Dikwels word ander bykomstige redes ook aangevoer maar lae lone is die hoofklagte.

Dit is 'n feit dat sommige werkgewers hul werknemers uiter karig besoldig en dat hier grondige redes tot klagtes is. Daar is werkgewers wat die standpunt inneem dat indien hul werknemers ontevrede is met hul lone, hulle die werk kan laat vaar omrede daar tale werkloses is wat hulle kan vervang. Verdermeer is hierdie werkgewers bewus daarvan dat hul werknemers van die loon, hoe karig ookal, afhanklik is vir 'n bestaan omrede hul geen fondse het om hulle te onderhou tydens die periodes wat hulle staak nie.

Lae lone word egter dikwels ook as klagte aangevoer waar daar geen rede tot klagte is nie. Die Bantoe busbestuurders



DECLASSIFIED

van die Johannesburgse Munisipaliteit i. die bes besoldigde van die Nie-blanke werknemers van hierdie munisipaliteit. Nogtans kla hierdie werknemers oor hul lae lone en nie ander werknemers van hierdie munisipaliteit nie. So ook die Ban-toebusbestuurders van PUTCO wat, in vergelyking met werknemers by ander werkgewers, baie goed besoldig word. (Hierdie verskynsel word later weer in hierdie stuk behandel en ver-klaar).

Daar is ook gevalle bekend waar werkgewers, voordat daar enige sprake van stakings was, reeds loonsverhogings toege-staan of dit oorweeg het maar waar daar nogtans tot stakings oorgegaan is.

In alle gevalle waar daar op loonsverhogings aangedring is, was die eise buitensporig en buite verhouding en kon die werkgewers nie aan die eise voldoen nie. Loonsverhogings is wel toegestaan maar nie ooreenkomsdig die eisemie.

(b) Klagtes oor werkstoestande: Klagtes onder hierdie hoof gaan hoofsaaklik oor die volgende:

- (i) Lang werksure;
- (ii) ongereeld werksure;
- (iii) geen etenstye of ander breuke nie, of andersins is dit te kort;
- (iv) geen of gekrekke kleedkamers;
- (v) gebrek aan vervoergeriewe na en van hul werk;
- (vi) geen byvoordele soos byvoorbeeld siekteverlof of verlofbonusse nie;
- (vii) werksklere of oorpakke word nie verskaf nie.

(c) Klagtes teen werkgewers of beampies: Klagtes onder hier die hoof kom hoofsaaklik daarop neer dat werknemers onbeskof

[DECLASSIFIED]

- 4 -

of onsimpatiek deur werkgewers of beampies behandel word. Hierdie klagtes is meerendeels ongegrond, soos byvoorbeeld:

(i) Werkgewers weier om verlof toe te staan in gevalle van dood of ernstige siekte van naasbestaandes, selfs al word telegramme getoon om dit na bewering te staaf. Feit is dat werkgewers gewoonlik hierdie verskonings nagaan en ongegrond bevind.

(ii) Werknemers word berispe of afgedank as hulle tydens nagskofte slaap of traag is. Die vraag word gestel: "Nou wanneer moet ons dan slaap?" en hulie vra geld om hulle te vergoed vir die verlies aan slaap.

(d) Persoonlike en huishoudelike grieve: Klagtes onder hierdie hoof is meerendeels ook denkbeeldig, onbillik en ongegrond. Gewoonlik is dit na aanleiding van 'n persoonlike twis tussen die werknemers self en dan word geëis dat 'n betrokke werknemer afgedank moet word of andersins sal daar gestaak word. Bantoewerknemers weier ook dikwels om die gesag van hul eie mense wat oor hulle aangestel is, te erken. Laas genoemde was byvoorbeeld onder andere die geval by die afgelede dokstakings te Durban. Die staking by die "African Bus Service", Pretoria, gedurende Desember 1972 was daaraan te wyte dat die bestuur nie 'n sekere Bantoe-inspekteur, wat na bewering onbillik opgetree het, wou afdank nie.

3. DIE ROL WAT ANDER INSTANSIES, ORGANISASIES EN PERSONE IN DIE ARBEIDSONRUS SPEEL

Om die stelling te maak dat die afgelope huidige en moontlike toekomstige gevalle van arbeidsonrus spontaan voorgekom het, ongeorganiseerd en ongekoördineerd is, is nie korrek nie. Die doen en late van verskeie instansies, organisasies en persone het hier toe bygedra en dra nog steeds daartoe by. Die volgende, nie noodwendig in rangorde van belangrikheid nie, is ter sake en moet op gelet word.

[DECLASSIFIED]

(a) Die Wages Commission:

Die "Wages and Economics Commission" (WC) het in Julie 1971 tot stand gekom as 'n werkskomitee van die "National Union of Students Welfare and Social Action Department" (NUSWELL), wat op sy beurt weer 'n vertakking van NUSAS is. Takke is by die Universiteite van Kaapstad, Witwatersrand, Rhodes en Natal gestig. So 'n liggaaam het reeds by laasgenoemde universiteit fungeer en dit was veral op hulle aandrang dat dit deur NUSAS erken is en na ander sentrums uitgebrei het. Die primêre funksie van die WC, in hul eie woorde, sou wees: "To ignite workers to their collective power to change the system in accordance with their needs".

Op 9.2.1972 merk David HEMSON soos volg op teenoor Halton CHEABLE, beide van die WC: "Wages Commission is not extremely active but things are happening at the Southern tip of the continent. Of immediate concern is the Ovambo strike in SWA or Namibia. I have got out a 30 page study of the situation there, still not finished, begin typed. The WC has issued a statement condemning the contract labour system. We considered a strike fund but there are specific provisions on providing aid to those engaged in pursuing social change illegally under the Terrorism Act. Incidentally the response by UN, overseas trade unions etc., has been pitiable. Anyway, the workers have now realised that their liberation can only be secured by themselves. I am sure this year (1972) is going to be the year of the Black Worker". Let wel - Hemson is nog nie tevrede met die heftige en venynige aanvalle deur die VV en vakbondse op die RSA na aanleiding van die SWA stakings nie. Hy het baie meer verwag!

Die WC versprei gereeld pamflette waarin die werkers van hui sogenaamde haglike toestande bewus gemaak word en hulle gevra word om die WC te voorsien van besonderhede ten opsigte van hul lae lone en ander klagtes. 'n Blad, "IZISIBENSI"

verskyn in Zulu en hierin word die Bantoe se "haglike" toeslakte, nie net wat betref arbeid nie maar ook op ander gebiede, uitgebeeld. In 'n WC bulletin van Februarie 1972 word die Wambo-stakings in SWA bespreek en verskyn die volgende:

"The strikers wrote letters to all other workers over the country to strike. This caused the strike to spread within a few days. They demanded higher wages. The government found itself in difficulties and did not know what to do. The workers said what they wanted. The employers were in a bad state. They approached the government to change the system. The Government agreed. That was a great victory for the workers.

Workers broke the law by going on strike but they were not arrested or sent to gaol. Why? For these reasons:

- (a) There were too many strikers, the gaols are not big enough to take them all.
 - (b) If the workers were sent to gaol there would have been nobody to keep the factories and mines going.
- We learn from this that if the workers take decision together they will have power to get what they want"

Hierdie stuk is ook in Xhosa vertaal en gedruk vir verspreiding.

Op 17.4.1972 laat Stephen FRIEDMAN, voorsitter van die WC aan Wits, hom onder ander soos volg uit tydens 'n NUSAS-seminaar:

"Blacks could be organised in their rights, e.g. agitation for better wages and conditions. Strikes amongst Black workers are a successful method of bringing about change in SA. WC can be a very successful way of implementing change in the economic structure of the country".

Op 25.11.1972, tydens 'n WC byeenkoms aan Wits, sê Friedmann o.a. weer:

"Nuswell must aid WC with their work in order to show Black workers their power. Several very effective strike had occurred and this is the sort of thing to be encouraged".

Op 23.1.1973 kondig WC aan stakers aan dat 'n fonds, die "General Factory Workers Benefit Fund", in die lewe geroep is om werkers by te staan met regskoste, begrafniskoste, ens.

Gedurende Junie 1972 het NUSAS inligting wat deur WC ingesamel is oor die sogenaamde haglike toestande van Bantoe-werkers, aan onder ander Charles DIGGS, Senator Edward KENNEY, die TRADE UNION COUNCIL, INTERNATIONAL LABOUR ORGANISATION en AFRICA STUDY GROUP gestuur.

Die WC het in samewerking met ander instansies en persone sogenaamde wanpraktyle en slechte toestande by fabrieke, ensovoorts, ondersoek en verslae, wat voorgegee het gesaghebbend te wees, uitgebring. In samewerking net die "Natal Indian Congress" (NIC) byvoorbeeld, is aandag geskenk aan die Coca-cola koeldrankfabriek en die cement-vervaardigers. Tydens die afgelope stakings, onder ander by die Durbanse en Kaapstadse dokke, is pamphlette versprei waarin werkers aangemoedig is om te veg vir beter werkstoestande en hoër lone en om by die vakbondé aan te sluit.

Bestaande is slegs enkele grepe uit die WC se bedrywigheid op die arbeidsveld. Dit is egter voldoende om bo alle twyfel aan te toon dat die WC wel 'n aandeel het in die arbeidsonrus in baie gevalle en in ander gevalle ten minste die klimaat vir die onrus geskep het.

(b) Die Studente oor die algemeen:

Die rol van die WC soos in sub-paragraaf hierbo aange-
toon is te danke aan studente. Oor die algemeen, egter, het
studente as sulks ook 'n bydrae in die huidige toestand gele-
wer.

By die Natalse, Kaapstadse, Witwatersrandse en Rhodes
universiteite is gedurende 1972, op die aandrang en met die
hulp van studente, werkersongisasies vir die nie-blanke werk-
nemers van die universiteite gestig. Hierdie organisasies
moet, nog steeds onder die leiding van die studente, toesien
dat die werkers hoër lone ontvang en dat hul werksonstandig-
hede oor die algemeen verbeter. Onredelike eise is gestel
en te Wits moes die rektor hulle hierop wys.

Briewe word aan vyandiggesinde instansies, waaronder
"The Guardian" in Londen, geskryf en die sogenaamde haglike
toestande van Bantoewerkneemers opgehaal. Daar word na die
stakings verwys en gekla dat dit nie genoeg publisiteit in
die buiteland geniet nie. (Sic)

Gedurende 2 tot 20.10.1972 sou 'n "Trade Union Programme"
- Graduate School of Business Administration" te Wits aange-
bied gewees het. Dit sou veelrassig van aard gewees het maar
het deur die mat geval, hoofsaaklik weens gebrek aan fondse.

Tydens 'n Konferensie deur Nuswell en WC te Witwatersrand
gedurende 5 tot 7.12.1972 gaan die tema hoofsaaklik oor Banto
arbeid en die stigting van vakbondes. SPROCAS, SAIVR en ver-
skeie vakbondes het ook hieraan deelgeneem.

Vanaf Kaapstad het lede van NUSAS gereeld navraag gedoen
oor die stakings te Durban en hoe dit verloop. Studente te
Durban, weer, het hul teleurstelling uitgespreek omdat daar
nie meer publisiteit aan die stakings in die Kaapso koerante
verleen is nie.

- 9 -

Op hul jaarlikse Kongres gehou te Grahamstad gedurende Desember 1972, besluit NUSAS om o.a. hul bedrywigheude gedurende 1973 toe te spits op die Bantoe (Black) arbeidsveld. Na aanleiding hiervan verskyn hul "FREEDOM AND UNITY CIRCULAR NO. 3" met die aanhef "Labour Campaign - The Focus on Wages and Poverty". Op die voorblad van die sirkulêre verskyn die volgende:

"The following is a slightly amended version of the paper presented to National Council in February (1973) on the organisation of the labour campaign. The Secretary General of Nuswell intends to initiate working groups on campuses during her tour to direct the campaign. A circular will be sent out in the second week of March to report on campus activities, and to finalise research projects".

Op die volgende blad verskyn die volgende:

"The idea of a campaign as first enunciated at NUSAS congress in December (1972) related to a small group of committed students, who through the campaign would seek to educate other students and the public on some basic issues in the labour field. There was no consideration of how to cope with several hundred fairly angry students, all wanting to become involved in something meaningful. This change in perspective must be incorporated when planning for the campaign on the various campuses".

Voorts word daarop klem gelê dat studente daarop gewys moet word dat "we live in an oppressive society", en hoe die veldtog verder moet verloop. Universiteitspersoneel moet be trek word, foto's oor die Durbanse stakings moet deur Dave HEMSON vertoon word, toesprake, seminare en debatte moet gevoer word en ook van die "GUERRILLA TEATER" (AQUARIUS) gebruik

gemaak word. Dan volg daar:

"Apart from the general student body, we need to concentrate on specific groups. Economics and business science students should be questioned on the role they will play in society, and although we will not prevent them all from becoming capitalists, we may be able to induce some concern for black trade unionism and better wages They are in an ideal position to stimulate the formation of buying co-operatives, and benefit societies. There is much they can do in the field of housing and transport".

'n Pamflet- en plakkaat-kampanje word beoog en dan vervolghierdie sirkulêre:

"I'm working on a CHARTER OF WORKERS RIGHTS, based on the ILO convention to be circulated to Trade Unions, employers, workers. A dossier on case studies and recommendations for good employment patterns will be used for employers, most importantly for Foreign Firms. Other issues we will look at are: migratory, labour, contract workers, border industries, agriculture and domestic workers Labour will be an issue this year. Already a number of church groups promised co-operation

Onder die hoof "TIMING" word gesê: "This should be decided on each campus, but it is important that some target dates be set in terms of which planning can start".

Die sirkulêre is vergesel van 'n lywige lys name van persone en instansies wat by hierdie "veldtog" betrek moet word. Onder ander word die Christelike Instituut (CI), SPRO-CAS, Kupugani, Die Swart Serp, die "Urban Training Project" (UTP) van E.F. TYACKE, Wilgespruit Fellowship Centre (WFC) en die SA Instituut van Rasverhoudinge genoem.

Dat die studente hulself daadwerklik beywer om hierdie program suksesvol van stapel te stuur, lei geen twyfel nie. Die volgende dien as voorbeeld:

- (i) Jeanette CURTIS het die biblioteek van die Vakbondraad van SA sedert 3.1.1973 gereeld besoek en naslaanwerk oor die vakbondwese gedoen. Sy moes naamlik 'n stuk namens NUSAS, NUSWELL en die WC opstel wat handel oor die historiese agtergrond van die vakbondwese in SA.
- (ii) Op 8.2.1973 het Paula ENSOR van Kaapstad vir E.F. TYACKE van Johannesburg versoek om dringend na Kaapstad te gaan ten einde leiding te gee met die organisering van Kleurling- en Bantoeewerkers. Sy se onder ander: "We have got things moving now".
- (iii) Op 26.2.1973 is pamphlets en traktate met die volgende titels onder nuwe studente te Kaapstad Universiteit uitgedeel:
 - (a) NUSAS local projects for 1973;
 - (b) SCAN, No. 2 of May 1971;
 - (c) UCT Oracle, September 1968;
 - (d) The National Union of South African Students;
 - (e) Poverty on our doorstep? Ruswell;
 - (f) NUSWELL: Social Action in South Africa;
 - (g) What students can do about the labour crisis.

Laasgenoemde pamphlet is deur die WC uitgegee en lui onder ander soos volg:

"The strikes that took place in Natal have not solved the problem of low wages, and unless action is taken more strikes are likely, and the possibility of violence escalating becomes a reality. The Wages Commission acts as a change agent on two levels - Economic research and worker organisation. The latter involves the publi

cation of a workers' Advice Bureau".

(c) Koerante, tydskrifte en individue

Die rol wat sekere koerante, plaaslik sowel as buitelandse speel in die aanmoediging van arbeidsonrus of dan te minste om 'n gunstige klimaat vir arbeidsonrus te skep, moet nie onderskat word nie. Sedert die stakings in Suidwes-Afrika is daar met 'n eentonige reëldaad verwys na die "mag" waарoor die werker beskik as daar eendragtig opgetree word. Voorkeur publisiteit word verleen aan stakings wat plaasgevind het en die "suksesse" wat daardeur behaal is word beklemtoon. Werkgewers word, soms onbillik, afgetakel en in 'n swak lig gestel. Die stigting van vakbonde, geïntegreerd sowel as suiwer "Swart", word by herhaling bepleit en aangemoedig en eensydige berigte verskyn oor die sogenaamde haglike toestande van die Bantoe-werkers. Artikels wat plaaslik verskyn het, word ook in buitelandse koerante opgeneem uitsluitlik met die doel om die RSA af te takel. Die volgende, wat geensins uniek is nie, dien as voorbeeld:

(i) Op 3.5.1972 verskyn 'n berig in die Rand Daily Mail onder die opskrif: "Black have devastating power, says young Prog". Hiervolgens sou mnr. Allan GRAHAM op 2.5.1972 te Pretoria onder andere gesê het: "What happens if the Blacks all withdraw their labour from the industrial economy for a period of one week"?

(ii) Op 2.9.1972 verskyn 'n artikel in die Rand Daily Mail onder die opskrif: "Time to organise". Die volgende word onder ander daarin gesê: "Trade unionism for Africans is legal and possible But in view of Government intransigence on the issue and the fact that the registered, legally recognised unions are still debarred from enrolling Africans, other interim measures are necessary"

(iii) Op 7.10.1972 voor spel die Daily Mail van Zambië "Industrial trouble is surely coming in SA" en die Rand Daily Mail word aangehaal.

(iv) Op 19.1.1973 gee Aida PARKER in die SA Financial Gazette haar siening en sê onder ander die volgende: "But the Black Power leaders are now accelerating their 'action' programme because of the Zambian crisis and the increased terrorist onslaught. With South Africa already in the world spotlight, they believe that psychologically this is exactly the right time to bring their grievances to international attention.

Chief Gatsha BUTHELEZI, who spoke this week of another 1922 or 1946, says the root cause of the dispute is the Republic's highly contentious labour legislation which excludes Blacks from membership of officially recognised unions and forbids their use of the strike weapon"

(v) In the mondstuk van die Trotskiëstiese beweging 'REVOLUTION' in Frankryk verskyn in die November 1972 uitgawe onder ander die volgende: "In hierdie situasie (arbeidsontvredeheid) doen gunstige geleenthede hulle voor vir die Swart proletariaat om 'n vasberade en radikaal stryd te onderneem ten einde hulle saak te bevorder."

(vi) Op 4.1.1973 stel die NEW PRESS AGENCY, Parys, Frankryk, 'n berig onder die opskrif "New Style Black Power Grown in South Africa" vry. Luidens die berig sou sukses wat tans deur Nie-blanke stakers in die RSA behaal word, ongehoord gewees het 'n paar jaar gelede en word verwys na die suksesse wat behaal is met onlangse stakings. Onder ander word die volgende opmerking gemaak

"All this lends force to those who have argued that white minority rule in South Africa can only be broken

by economic rather than military action, that the seeds of African revolution can only be fertilised by an expanding economy".

(vii) Op 17.2.1973 verskyn 'n artikel deur Laurence GANDAR in die Rand Daily Mail onder die opskrif: "Moral of the Story". Hy verwys na die stakings in Durban en sê onder ander: "... But, as I have tried to point out on a number of occasions, power is no longer exclusively White. The Blacks have a measure of power too - and it is steadily increasing, though they are not fully aware of this"

(viii) Op 9.2.1973 verskyn 'n artikel deur John IMRIE onder die opskrif: "50,000 strikers to get more pay" in die Rand Daily Mail. Hy sê onder ander: "It must rank as the most successful industrial action in this country's history. The strikers' achievements (te Durban) are mos impressive, to say the least.... They have after all tasted success, and this has been witnessed by other Blacks in South Africa".

(ix) In die Australian National Daily (Sydney) verskyn op 9.2.1973 'n berig onder die opskrif: "Forgotten Flash-point for Revolt". Die artikel begin met: "... South Africa's long forecast black uprising may be starting, though not in the manner predicted" en daar word verwys na die stakings in Durban.

(x) In die Daily News, Durban, verskyn op 21.12.1972 (dit is voor die grootskaalse stakings) 'n artikel deur Gora EBRAHIM onder die opskrif: "South Africa monopolists versus Ideologists". Hierin sê die skrywer onder ander: "... Although it is illegal for African workers to strike, the number of strikes in South Africa has been rising. This is concrete evidence that no amount of

fascist legislation nor severe penalties can prevent workers from utilising the strike-weapon to put forward their legitimate grievances".

(xi) In 'n artikel in die Rand Daily Mail van 27.1.1973 skryf Allister SPARKS onder andere soos volg oor die arbeidsonrus: "And, whereas Africans themselves have hardly been aware of this power in the past, they are awaking to it now. Hence the crop of strikes there have been recently, with a new one this week at the Frametex Mill in Natal following those at Coronation Brick and Tile, T.W. Beckett, PUTCo, the Durban and Cape Town docks, and by the doctors of Soweto and, of course, the Ovambos. These you can be sure are only the beginning. Not only are Blacks going to become much more vividly aware of their power and how to use it, but the power self is going to swell rapidly as their advance speeds up. Which means South Africa could be on the verge of the greatest period of industrial unrest in its history.

Indeed it seems likely that we are about to witness a major confrontation between Black and White through the economy. As I said last week, it is here rather than on any guerrilla front that the Blacks are able to fight with real power and some prospect of forcing a change...."

'n Artikel met 'n soortgelyke strekking deur dieselfde skrywer het op 20.1.1973 in die Evening Post verskyn.

(d) Ander organisasies, vakbonde, werkersorganisasies en persone

Daar is ook die talle organisasies, vakbonde, werkersorganisasies en persone wat hul op die arbeidsterrein begewe met die doel om op subtiese wyse onrus te skep of die klimaat

vir onrus voor te berei. Soos uitgewys sal word, is die doel van hierdie organisasies, ensovoorts, nie sodanig om better werkstoestande te skep nie, maar om die bestaande orde en staatsvorm te verander.

Alhoewel hul geen erkenning van Staatsweë geniet het nie, bestaan daar vir etlike jare reeds Nie-blanke vakbonde, die meerendeels waarvan nie as militant bestempel kan word nie.

Die afgelope jaar egter is verskeie "Swart" vakbonde en unies gestig met die uitsluitlike doel om Bantoewerkers te organiseer en in die vakbondwese op te lei. Die volgende die onder andere vermelding:

(i) Die Urban Training Project (UTP)

Alhoewel hierdie projek gedurende Desember 1971 in Johannesburg in aanvang geneem het, is daar getuienis dat daar reeds gedurende Oktober 1971 met die reëlings begin is. Eric Freeland TYACKE (n Blanke) en Drake KOKA (n Bantoe) was met die stigting gemoeid. In Koka se eie woorde is die doelstellings van die UTP onder ander soos volg:

"The idea of UTP has come about as a result of reflection on ignorance existing in the working field. The UTP is based firmly on the principle that workers must learn to assist themselves in finding a solution to their problems. It provides training for workers so that they are better able to cope with labour and neighbourhood problems and are able to assist others. The provision of training programmes will be the method to help workers to see the problems facing them, the effects of these problems and study means of coping with them by holdin

training courses and seminars".

Die UTP versprei 'n "Workers Calendar" waarin die voordele van werkerversenigings uiteengesit word. Lewis Charles DOUWES-DENKER was gemoeid met die opstel daarvan terwyl die CHRISTELIKE INSTITUUT (CI) en die SA INSTITUUT VIR RASSEVERHOUDINGE (SAIRV) gemoeid was met die druk daarvan.

SPRO-CAS & skakel met die UTP.

Die CI stel jaarliks 'n bedrag van R8,000.00 tot die beschikking van die UTP. Die COMMUNITY OF THE RESURRECTION in Engeland stuur gedurende Augustus 1978 die bedrag van R10,000.00 aan die UTP via die SAIRV. "MISEREOR" (Die AKTION GEGEN HUNGER UND KRANKHEIT IN DER WELT: BISCHÖF-LICHES HILFSWERKE) skenk 'n bedrag van R40,635.00 oor 'n tydperk van drie jaar aan die UTP. Dit word deur die "DIOCESE OF JOHANNESBURG" gekanaliseer.

Benewens die "Workers Calendar" versprei die UTP verskeie ander pamflette waarin die stigting en werking van vakbondes uiteengesit word.

Drie afgevaardigdes van die "INTERNATIONAL METAL WORKERS FEDERATION" (IMF) het die RSA gedurende 1978 besoek en doen verslag dat die UTP bygestaan moet word in sy taak om Bantoes in die vakbondwese op te lei. (IMF is 'n voorstander van rasse-geïntegreerde vakbondes).

Vanaf 18.10.1978 het E.F. TYACKE en Skates SKEKANE Durbar besoek waartydens 'n seminaar oor die stigting van vakbondes gehou is.

(ii) Die Black Allied Workers Union (BAWU)

Die Hierdie organisasie het aanvanklik die "SALESMEN AND ALLIED WORKERS' ASSOCIATION" geheet en is op 20.6.72 gestig. Drake KCKA is die sekretaris en Owen O'LEARY en sy vrou Ruth van WILGESPRUIT FELLOWSHIP CENTRE het opgetree as konsultante. Die kern van BAWU se doelstelings is dat dit sal optree as 'n "sambrel organisasie" vir "Swart" vakbond. In 'n pamflet wat gedurende Augustus 1972 uitgegee is, word o.a. gesê:

"The basic task of the Black Allied Workers' Council shall be not to solve problems, economic or racial in South Africa, but to change the system that is making the Black worker an economic underdog and object of pity and charity".

Dr. RUPP van Nederland het gedurende 4 tot 7.12.1972 'n kursus in die vakbondwese in die kantore van BAWU aangebied.

Die IMF het besluit om nie die BAWU te steun nie. (BAWU is 'n voorstander van suiwer Swart vakbond en IMF beplei integrasie. Die IMF is die RSA vyandiggesind).

(iii) Die Black Peoples Convention (BPC), South African Students Organisation (SASO) en SPRO-CAS 2

Die BPC het in samewerking met SASO en SPRO-CAS 2 die "Black Workers Project" (BWP) geloods om toestande van Nie-blanke werkers te ondersoek en verslag uit te bring.

Die BWP bepaal hom egter geensins slegs tot navorsing nie. Op 22.8.1972 druk 'n lid van hierdie beweging hom onder andere soos volg uit oor Nie-blanke werkers:

"We want to make them aware of the power they wield"

Oor die dokstakings te Durban sê BOEKWE MAFUNA, 'n lid van SASO, die BPC en SPRO-CAS onder andere die volgende:

"Ja, whilst the thing is still hot, these guys (die stakers) should know that they have people who are with them, you know, so that even after it cools down we may come into the negotiating part of it. But just don't want those guys not to know that we are fully with them and not just today, but forever".

Op 24.10.1972 rig die BWP 'n rondskrywe aan verskillende persone en instansies waarin die doelstellings daarvan uitengesit word. Hiervolgens word daar beoog om ongeveer Junie 1973 'n oorkoepelende vakbondliggaam vir Bantoevakbonde in die lewe te roep en, waar dit nog nie bestaan nie, vakbonde te stig. Die slagspreuk is "POWER AND SOLIDARITY".

Veldwerkers van die BWP deurkruis die RSA met die doel om vakbonde in die lewe te roep en werkers bewus te maak van hul "regte".

Die Black Peoples Convention (BPC) as sulks het by verskeie geleenthede op eie inisiatief arbeidsonrus probeer skep of aanblaas, met werkers probeer inmeng of op opportunistiese wyse krediet geneem vir stakings wat plaasgevind het, waarvan die volgende voorbeeld getuig:

- (a) Op 12.1.1973 was die voorneme om stakings by sekere fabrieke aan die Oos-Rand te laat plaasvind, besprek
- (b) Op 9.1.1973 is die stakings by Coronation Brick and Tile besprek en teleurstelling uitgespreek dat ander organisasies die EPC voorgespring het om die inisiatief hier te neem. Daarna word nogtans 'n pat-

flet by hierdie firma versprei waarin eensgesindheid met die stakers uitgespreek word.

(c) Op 1.2.1973 het die BPC 10,000 pamphlette in die kantore van SASO te Durban afgerol met die doel om dit op 2.2.1973 te versprei. Die inhoud was van so 'n opruiende aard dat vyf persone wat hiermee gemoeid was, gearresteer is en op 'n kriminele klagte teregt moet staan.

(d) Gedurende Januarie 1973 maak die BPC organiseder, Moshibudi MANGENA daarop aanspraak dat hierdie organisasie vir die stakings te Durban verantwoordelik is. Hy sê ook dat ampsdraers van die BPC die busbestuurders van die African Bus Service te Pretoria ontmoet het toe hulle voor die hof verskyn het weens hul onwettige staking.

(Hierdie is 'n duidelike bewys van die BPC se opportunisme. Hulle kan hoegenaamd nie alleen aanspraak maak op die stakings wat te Durban plaasgevind het nie en die staking by die African Bus Service was suiwer oor 'n huishoudelike klagte en nie die gevolg van enige agitasie van buite nie).

(e) Op 21.1.1973 publiseer die Weekend World 'n persverklaring deur Sipho BUTHELEZI, die Sekretaris-generaal van die BPC. Hy verwys na die stakings en skryf dit toe aan die "onderdrukking" van die Swart man deur die Witte.

(iv) Die Wilgespruit Fellowship Centre (WFC) bied gereel kursusse en seminare aan waarin arbeid en in besonder Nie-blanke arbeid, bespreek word.

Gedurende 15 tot 26.8.1972 is 'n "Urban Industrial Mission Course" deur Christa SPRINGE en Horst SYMANOWSKI aangebied. Tydens die "kursus" het Dr. Jim MORTON van die

Methodiste Kerk, Mosambiek, onder ander gesê: "We are agents for a change in this country. That is how we all want to be identified". SPRINGE het onder ander gesê: "A change is needed in society and industry". SYMANOWSKI het gesê hoe 'n verandering teweeg gebring moet word, naamlik deur eenheid.

(v) Gedurende November 1970 het Dr. en Mev. J.C.C. RUPP van Nederland die RSA op uitnodiging van die "Christelike Instituut" besoek. Tydens 'n gesprek merk Rupp onder ander soos volg op:

"..... there is no other solution but a revolution Cor die moontlikheid van bloedvergieting merk hy soos volg op: "..... this is the only way to remove the present government For this reason Africans must be caught in Trade Union Affairs because any revolution must have a struggle. Chaos must be restored very soon and replaced by order, otherwise the suppressed force will recover and take over again....." Tydens hul besoek het Dr. en Mev. Rupp by Ds. C.F. Beyers Naude van die CI huisgegaan. Rupp het daarna weer die RSA besoek en was gemoeid met kursusse in die vakbondwese.

(vi) Die General Factory Workers Benefit Fund (GFWBF)

is in die lewe geroep met die doel om advies aan Bantoeswerkers te gee, hulle te organiseer, op hul regte te wys en sekere voordele te verskaf. Een van die voordele, wat altyd by Bantoes inslag vind, is 'n begrafnisfonds. Dave HEMSON, organiseerde van die Textile Industrial Union en ook intiem betrokke met die Wages Commission, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die bestaan en funksionering van die GFWBF. Henson is aktief met die organisering van werkers en het onder ander by die Durbanse dokke pamphlette versprei. Die inhoud van die

pamflette kom hoofsaaklik daarop neer dat werkers moet organiseer, aandring op beter werkstoestande en besoldiging en dan word hulle ook genooi om hul klagtes by die GFWBF in te dien. Toe die onlangse dokstaking in Durban beëindig is, het Hemson sy teleurstelling hieroor uitgespreek en gesê dat dwangmaatreëls gebruik is om die studwadore hul werk te laat hervat. Hemson skakel onder ander met Aartsbiskop Dennis HURLEY van Durban en Rowley ARENSTEIN, die gelyste en ingeperkte Kommunis, oor arbeid aangeleenthede. Talle pamflette en publikasies uit die pen van Hemson het verskyn en hy tree gereeld op as spreker waar Nie-blanke arbeidsaangeleenthede bespreek word. Tans is hy besig met 'n publikasie getiteld "USUTHU", wat 'n Zulu-woord is vir "STRIKE ONE". Hy is ook vir Adam RAPHAEL behulpsaam met die insameling van inligting oor die besoldiging wat Britse firmas met beleggings in die RSA aan hul Nie-blanke werknemers gee. (Raphael is 'n jongtalis van The Guardian, Londen, en 'n reeks artikels deur hom oor arbeidsaangeleenthede in die RSA het reeds in sy koerante verskyn. Die artikels is deurspek met onwaarhede.

(vii) Die NATAL INDIAN CONGRESS (NIC)

Hierdie organisasie het hom onder ander met die dok workerstaking en die onlangse stakings in Durban bemoei. Tydens die stakings is pamflette versprei waarin eensge-sindheid met die stakers beklemtoon is. In een van die pamflette, byvoorbeeld, is gesê: "Victory may not be near, but it will certainly not be denied us in the end". Die NIC het ook in samewerking met die Labour Party of South Africa 'n "Workers Relief Committee" gestig met die doel om hulp en bystand te verleen aan diegene wat hulpbe hoewend is as gevolg van hul deelname aan die stakings. (Hierdie aspek word as veelseggend beskou. Soos voorheen

het nie. Hulle is dus gedwing om ra hul werk terug te keer).

(viii) Na aanleiding van hul "suksesvolle" staking op 2.6.1972, het die Bantoe busbestuurders van PUTCo besluit om hul eie vakbond in die lewe te roep. Later word besluit dat alle Nie-blanke vervoerwerkers tot die vakbond toegelaat moet word en op 2.2.1973 is die "TRANSPORT AND ALLIED WORKERS UNION" geswig. E.F. TYACKE en L. DOUWES-DEKKER het as adviseurs opgetree. Op 7.2.1973 vind die eerste komiteevergadering in TYACKE se kantoor plaas en net twee dae daarna dreig die Nie-blanke busbestuurders van die Johannesburgse munisipaliteit met 'n staking indien hulle nie onmiddellike loonsverhogings ontvang nie.

(ix) Die SOUTH AFRICAN CONGRESS OF TRADE UNIONS (SACTU)

Hierdie organisasie is op 5.3.1955 gestig en onmiddellik het agt Bantoe en vier gemengde vakbonde hierby geaffilieer. Bekende gelyste Kommuniste het op die bestuur gedien en SACTU was saam met die volgende lid van die "CONGRESS ALLIANCE":

African National Congress (ANC)
SA Congress of Democrats (SACOD)
Coloured Peoples Organisation (CPO)
SA Indian Congress (SAIC)

SACTU is nooit in die ban gedoen nie, maar verskeie toonaangewende lede is ingevolge Wet 44 van 1950 ingeperk. Ander is ook weens hul aandeel in onwettige organisasies aangekla en gevonnis. Die gevolg was dat SACTU as 'n liggaam binne die RSA opgehou het om te bestaan. In die buiteland is SACTU onder leiding van John GATSEWE nog bedrywig hoofsaaklik met die doel om die RSA ekonomies te isolateer. Op 23.5.1972, tydens sy besoek aan Nieu Zeeland,

verskyn 'n berig in die New Zealand Herald waarin onder ander geskryf word: "..... John Gaetsewe, the exiled Black South African Trade Union Leader, has a simple message for New Zealanders: 'Isolate my country'!"

Sedert Oktober 1972 is SACTU weer besig om in Durban te herleef. Daar was aanvanklik van die kantore van Robby BUNGWANDEEN, 'n prokureur, gebruik gemaak maar sedertdien is ander kantore bekom. Let wel dat gelyste Kommunis ARENSTEIN ook voorheen by Bungwandeen werkzaam was.

(x) Kerke en Kerklike organisasie

Hierna was reeds terloops verwys, maar die aandeel van kerke en kerklike organisasies kan nie onderskat word nie. Die volgende dien as voorbeeld:

- (a) SPRC-CAS 2, doen op 24.1.1973 soos volg navraag by die Wêreldraad van Kerke: "We feel we could find your list of non South African organisations which ... invest in this and other Southern African white countries very useful to us in our programmes on labour, ... & would very much appreciate your letting us have a copy of the list, and any accompanying material which is available" Spro-cas word deur die Christelike Instituut en die SA Raad van Kerke geborg
- (b) Dr. C.F. BEYERS-NAUDÉ van die CI dien op 'n paneel in verband met Phalaborwa Myntmaatskappy se arbeidsvoorwaardes. Hierin word hy bygestaan deur Gatsha BUTHELEZI.

Let wel dat die RIO TINTO ZINC CORPORATION LIMITED op 17.5.1972 hul tiende jaarlikse algemene vergadering in Londen gehou het. Hierdie Korporasie het 'n 39% aandeel in PHALABORWA. Op hierdie vergadering het houers van slegs een of twee aandele die korpo-

rasie heftig aangeval oor hul sogenaamde lae lone aan en algemene swak toestande van Bantoe-arbeiders te Phalaborwa Mynmaatskappy in besonder en ook dié van Bantoe-arbeiders in Suidwes-Afrika. Feit is dat die Phalaborwa Mynmaatskappy van die beste besoldiging, behuising en ander werksonstandighede aan sy Nie-blanke werknemers bied. Dit is nou reeds bekende taktiek van oorseese linksgesindes wat die RSA vyandiggesind is om een of twee aandele in maatskappye met belang in die RSA aan te koop en dan op die wyse op te tree. RIO TINTO ZINC het wêreldwye belang.

L.C.G. DOUWES-DEKKER is ook met die "ondersoek" gemoeid.

(c) Colin WINTER, Anglikaanse biskop, was verheug oor die stakings wat in Suidwes-Afrika plaasgevind het. Vanuit die buiteland vestig hy nog steeds die aandag van die Nie-blankes op hulle "mag".

(xi) Die afgelope tyd is verskeie uiters opruiende pamphlette versprei met die strekking dat stakings moet plaas vind en die werkers op hul "mag" attent gemaak word. Eer getiteld "REVOLT - A NEWSHEET FOR RADICALS", is gedurende November 1972 vanaf Johannesburg aan verskeie persone en instansies gepos. Daarin word verwys na die dokstakings en onder andere gesê: ".... The strikes also emphasize the absolute necessity for armed struggle" If you are a peasant living in the poverty of the homelands, set up groups to hide, house and support guerrilla

4.

DIE BETEKENISVOLHEID VAN DIE AREEIDSCHRUS



Daar is reeds in hierdie stuk verwys na gevalle van stakings, die redes daarvoor en die aandeel van sekere organisa-

sies, en persone daarin. Die werklike redes en oorsake van die stakings en oogmerke daarvan moet egter dieper gesoek word. Daar word by herhaling melding gemaak van "to change the system" en daarby word bedoel dat die bestaande orde of staatsvorm verander moet word en om dit te bewerkstellig moet die RSA onder andere ekonomies aangetas word. Hierdie is geen ongegronde stelling of slegs 'n bewering nie en kan deur die volgende gestaaf word:

(a) In 1919 is die "INDUSTRIAL AND COMMERCIAL WORKERS' UNION" gestig met Clements KADALIE as Sekretaris-generaal.

Hierdie organisasie is gestig met die doel om na die belang van Nie-blanke werkers om te sien en tydens 'n konferensie in 1921 is die doelstellings soos volg gestel:

"Our objectives are solely to propagate the industrial, economic and social advancement of all the African workers through industrial organisation on constitutional lines".

Volgens die Cape Times van 15.4.1925 en die Workers' Herald van 15.5.1925 se Kadalie van die ICU egter:

"We are aiming in the building up in Africa of a National Labour organisation of the aborigines, through which we shall break the wills of white autocracy. We must prevent the exploitation of our people on the mines and on the farms, and obtain increased wages for them. We shall not rest there. We will open the gates of the Houses of legislation, now under the control of the White oligarchy, and from this step we shall claim equality of purpose with the white workers of the world to overthrow the capitalist system of government and usher in a co-operative commonwealth one, a system of Government which is not foreign to the aboriginal of Africa".

Kadalie is ongeveer 1890 in Nyassaland gebore en het sy skoolopleiding in 'n Skotse sendingskool ontvang. In 1918 het hy in Kaapstad aangekom. Daar het hy bevriend geraak met A.F. BATTY, 'n sosialis en lid van die destydse South African Labour Party.

Die geskiedenis van die ICU is gepubliseer in 'n pamflet getiteld: "Group, or Mass Movement? The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa" deur Sheridan W. JONES. Kadalie word hierin aangehaal.

David HEMSON, wat verskeie kere hierbo genoem is, het ook insae in hierdie publikasie gehad.

(b) Tydens die arrestasie van Bram FISCHER in 1965 is in sy besit gevind onder andere 'n dokument met die strekking dat 'n ekonomiese aanslag op die RSA meer welslae sal behaal as 'n militêre aanslag. Ook word uitdruklik gemeld dat studente-onrus dwarsoor die wêreld aangewakker moet word.

(c) Tydens sy besoek aan Pole gedurende November 1972, het Oliver TAMEO, waarnemende President-generaal van die ANC gesê dat die ANC se onmiddellike voornemens is om protesdemonstrasies en 'n nasionale staking in die RSA te koördineer en soos volg voortgegaan:

"This would be a step towards the next stage - an armed conflict. This is our task which we strive to achieve in collaboration with our allies, the South African Communist Party and the Indian South African Congress".

Tans stel die SA-ANC in Tanzanië en Zambië baie belang in die huidige arbeidsonrus in die RSA. Tydens Don MARGER van die "World Federation of Trade Unions" se besoek aan Dar-es-Salaam op 29.1.1973, het die ANC ook met hom samesprekings gevoer.

(d) In hierdie stuk is reeds vlugtig na die betekenisvolheid van stakings deur vervoerwerkers verwys. Dit is 'n opvallende manier om arbeidsontwrigting te veroorsaak omrede:

Eerstens: Indien vervoerwerkers staak, is daar geen vervoer om ander werkers na hul werk te vervoer nie. Indien die 160 Johannesburgse Municipale vervoerwerkers sou gestaak het, sou 30,000 werkers nie by hul werk opgedaag het nie.

Tweedens: Indien daar aan die dreigende stakers se eise om hoër lone toegegee word, moet die tariewe ook noodwendig verhoog word en dit skep ontevredenheid by die passasiers wat dan gewoonlik die vervoerdienste boikot. Dit op sy beurt het weer tot gevolg dat werkers van hul werk af weg'bly of ten minste laat opdaag vir hul werk.

Derdens: Indien vervoertariewe verhoog word, skep dit ook weer geleentheid vir werkers om op hoër lone aan te dring - of hulle staak.

Hier is dus sonder twyfel 'n ideale geleentheid om die ekonomie te skaad.

(e) Hierbo is reeds ander gevalle aangehaal waar uitdruklik gesê is dat die RSA ekonomies meer kwesbaar is as militêr.

(f) Stakings het gewoonlik tot gevolg dat daar aan die stakers se eise om hoër lone voldoen word of gedeeltelik voldoen word. Die hoër lone in die stede is natuurlik vir die Nie-blankes in die landelike gebiede meer aanloklik en 'n groter toestroming na die stede kan verwag word. Die Johannesburgse Municipaliteit, byvoorbeeld, het besluit om sy Nie-blanke geneeshere dieselfde salaris as Blanke geneeshere te betaal. Daar kan dus verwag word dat Nie-blanke geneeshere in die reservate en tuislande, waar daar reeds 'n tekort aan geneeshere is, nou 'n beter heenkome in die stede gaan soek.